
# William Branham

## ‘n Profeet van God gestuur

Deur Ewald Frank



Op die Berg van Verheerliking het Petrus, Johannes en Jakobus 'n neergedaalde helderligte wolk belewe, en gesien hoe dat Jesus skielik voor hulle oë getransformeer word. Johannes het die HERE in dieselfde veranderde en verheerlikte vorm op die eiland Patmos gesien. Voordat die seëls in die boek Openbaring oopgemaak is, het hierdie bonatuurlike helderligte wolk ook sigbaar vir almal neergedaal. Is dit die teken van die Seun van die mens in die lug? Is dit die dag waarop die Seun van die mens Homself voor Sy Wederkoms openbaar maak (LK 17:30)? Alhoewel die foto vanaf 'n groot afstand geneem is, is die aangesig tog duidelik herkenbaar. *"Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk ..."* (MATT. 17:5). *"En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem"* (HAND. 1:9).

Sou daar in die tyd van Moses foto's gewees het, sou dit moontlik gewees het om die wolk- en vuurkolom daarop vas te lê, want dit was sigbaar. Dit oorweldig ons dat die HERE Homself op dieselfde manier in ons geslag geopenbaar en neergedaal het. Hy het Sy volk so met Sy bonatuurlike teenwoordigheid besoek. Dit het in werklik-heid gebeur, anders sou die kamera nie die verskyning kon opneem nie. Die HERE is inderdaad teenwoordig, soos Hy belowe het, wanneer Sy volk in Sy Naam vergader. Hy wou hê dat Sy teenwoor-digheid, by hierdie spesiale geleentheid, gedokumenteer word vir beide gelowiges en ongelowiges.



*George J. Lacy*
*Examiner of Questioned Documents*
*Shell Building*
*Houston, Texas*

January 29, 1950

# R E P O R T   A N D   O P I N I O N

Re: Questioned Negative

On January 28, 1950 at the request of Reverand Gordon Lindsay, who was representing Reverand William Branham of Jeffersonville, Indiana, I received from the Douglas Studios of 1610 Rusk Avenue in this city, a 4x5 inch exposed and developed photographic film. This film was purported to have been made by the Douglas Studios of Reverand William Branham at the Sam Houston Coliseum in this city, during his visit here the latter part of January, 1950.

## R E Q U E S T

Reverand Lindsay requested that I make a scientific examination of the aforesaid negative. He requested that I determine, if possible, whether or not in my opinion the negative had been re-touched or "doctored" in any way, subsequent to the developing of the film, that would cause a streak of light to appear in the position of a halo above the head of Reverand Branham.

## E X A M I N A T I O N

A macroscopic and microscopic examination and study was made of the entire surface of both sides of the film, which was Eastman Kodak Safety Film. Both sides of the film were examined under filtered ultra-violet light and infra-red photographs were made of the film.

The microscopic examination failed to reveal retouching of the film at any place whatsoever by any of the processes used in commercial retouching. Also, the microscopic examination failed to reveal any disturbance of the emulsion in or around the light streak in question.

The ultra-violet light examination failed to reveal any foreign matter, or the result of any chemical reaction on either side of the negative, which might have caused the light streak, subsequent to the processing of the negative.

The infra-red photograph also failed to disclose anything that would indicate that any retouching had been done to the film.

The examination also failed to reveal anything that would indicate that the negative in question was a composite negative or a double exposed negative.

There was nothing found which would indicate that the light streak in question had been made during the process of development. Neither was there anything found which would indicate that it was not developed in a regular and recognized procedure. There was nothing found in the comparative densities of the highlights that was not in harmony.

## O P I N I O N

Based upon the above described examination and study I am of the definite opinion that the negative submitted for examination, was not retouched nor was it a composite or double exposed negative.

Further, I am of the definite opinion that the light streak appearing above the head in a halo position was caused by light striking the negative.

Respectfully submitted,

GJL/ll

Vertaalde weergawe van die oorspronklike Engelse verslag:

George J. Lacy,

Ondersoeker van Twyfelagtige Dokumente

Shell Gebou,

Houston, Texas

Januarie 29, 1950

## VERSLAG EN OPINIE

Aangaande: Twyfelagtige Foto-negatief

Op Januarie 28, 1950, het Douglas Studios van 1610 Rusklaan, op versoek van Eerw. Gordon Lindsay, wie Eerw. William Branham van Jeffersonville, Indiana, verteenwoordig het, aan my 'n ontwikkelde fotografiese filmrol van 4x5 duim gegee. Die film was gebruik deur die Douglas Studios by die Sam Houston-koloseum tydens Eerw. William Branham se besoek aan hierdie stad, einde Januarie, 1950.

## VERSOEK

Eerw. Lindsay het gevra dat ek die bo-vermelde filmrol wetenskaplik ondersoek. Hy het gevra dat ek, indien moontlik, moet bepaal of die film na my mening, al dan nie, mee "gepeuter" is, of op een of ander manier verander was nadat dit oorspronklik ontwikkeling was, wat 'n ligstrook soos 'n heilkring bokant die hoof van Eerw. Branham veroorsaak het.

## ONDERSOEK

Daar was 'n ondersoek met die blote oog en mikroskoop gemaak, van die hele oppervlak aan albei kante van die film, wat 'n "Eastman Kodak Safety Film" was. Beide kante is ondersoek in gefiltreerde ultraviolet lig en infrarooi fotos is van die film gemaak.

Nadat dit aan weerskante ondersoek was, kon die mikroskopiese ondersoek nie enige “gepeuter” op enige deel van die film, in enige van die gebruiklike kommersiële prosesse, vind nie. Selfs met die mikroskopiese ondersoek was daar geen onreëlmatighede in die sensitiewe laag binne en om die betrokke strook lig opgespoor nie.

Die ultraviolet lig-toets het geen vreemde artikels opgetel of enige chemiese reaksie aan weerskante van die negatiewe bespeur, wat die ligstrook ná die hantering van die film kon veroorsaak nie.

Net so ook het die infrarooi fotos niks opgetel wat kon aandui dat die film enige verbetering ondergaan het nie. Die ondersoek het ook nie enigiets ontdek wat kon aandui dat die betrokke film ‘n samestelling was of dubbele blootstelling gehad het nie.

Niks is gevind om aan te dui dat die betrokke ligstrook gedurende die ontwikkelingsproses gemaak is nie. Daar is ook niks gevind wat daarop dui dat dit nie op 'n reëlmatige en bekende manier ontwikkel is nie. Niks is gevind in die vergelykbare digtheid, dws waar die lig die meeste is, wat nie in ooreenstemming was nie.

## O P I N I E

Op grond van die ondersoek en studies wat hierbo beskryf is, is ek heeltemal daarvan oortuig dat die film wat vir ondersoek voorgelê was, glad nie onreëlmatig aangeraak was nie, of as 'n saamgestelde of dubbeld-blootgestelde film beskou kan word nie. Verder is ek van mening dat die ligstrook wat bokant die kop in ‘n ligkolom of "heilkring"-posisie verskyn, veroorsaak was deur lig wat die film getref het.

Ingehandig met respek,

Geteken: G. J. Lacy

GJL/11

## INLEIDING

Op my sendingsreise was ek telkemale gevra om iets oor William M. Branham te publiseer. Ek het hom geken vir presies 10 jaar (1955-1965) en was saam met hom in Europa en die Verenigde State. Ons het aan dieselfde tafel geëet en in dieselfde motor gery. Ek het hom as 'n mens en as 'n godsman ervaar. Ek was bevoorreg om ‘n oor- en ooggetuie te wees van die buitengewone God-gegewe bediening. So kan ek van my eie, deeglike kennis praat en skryf. Ek is ook in besit van meer as 300[1] preke wat hy gelewer het en kan dus 'n omvattende beoordeling lewer van sy prediking, sy spesiale sending en boodskap.

In sy leeftyd, en ook ná sy heengaan in Desember, 1965, was hy in besonders gewaardeer deur sommige en heftig verwerp deur ander. In Christelike tydskrifte was hy oorwegend negatief beoordeel deur skrywers wat hom en sy bediening nie persoonlik geken het nie. Aan die ander kant het die sekulêre pers oor die algemeen positief oor hom berig. Dat die beoordeling van persoonlikhede wat in die publieke oog is, soms baie verskil van ander, is bekend. Dit is veral negatief vir diegene wat afwyk van die tradisionele oorlewerings.

Die terme "profete" en "profetesse" was nog altyd gebruik op manne en vroue wat volgens openbaringe optree. Dit word so in die Heilige Skrif gevind. Abraham, Moses, Elia en baie ander was God-bevestigde profete. Hierdie begrip is nie gemik op 'n mens nie, maar op God; dat God self deur mens praat. God het mondstukke gegee, wat as Sy mond op aarde praat, God-gestuurde manne wat waarlik in die naam van die HERE, die So spreek die HERE oordra. Eers nadat die HERE met hulle gespreek het — en dit geskied hoorbaar van mond tot oor — kan sulke manne sê: So spreek die HERE! Daarbenewens sien hulle dinge vooraf in visioene en word hulle dus "sieners" genoem. Die in-die-gees-sienende inspirasie van die Gees, kom tot hulle en dít is wat gesien en geopenbaar, uitgespreek en in woorde neergeskryf word.

Die bekendste profeet van die Ou Testament is Moses. Die Onsigbare het Homself aan hom as ‘n sigbare wese geopenbaar, in die gestalte van 'n man, en met hom van aangesig tot aangesig gepraat. Die mees-bekende siener en profeet van die Nuwe Testament is die apostel Johannes. Hy

---

[1] Ten tye van hierdie afrikaanse vertaling was die getal meer as 600

vertel in die laaste boek van die Bybel wat hy gesien en gehoor het. Hy het die verloop van die geskiedenis van die mensdom volgens die goddelike plan van verlossing gesien, reg tot aan die einde. Hy het selfs die nuwe hemel en die nuwe aarde gesien, dws, die nuwe begin. "*Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie*" (Amos 3:7).

Daar word met reg gevra hoe ‘n mens kan weet of jy met ware of valse profete te doen het, omdat almal aanspraak maak daarop dat hulle deur God gestuur is. Daar was nog altyd ware en valse profete. Die HERE self het ons gewaarsku dat baie valse profete na vore sal kom, maar Hy het ook die belofte gegee dat Hy 'n profeet sou stuur in die gees van Elia, voordat die groot en vreeslike dag aanbreek (Mal. 4: 5-6; Matt. 17:11).

Daar is egter een betroubare kriterium, ‘n maatstaf wat gebruik moet word om mee te toets: die onfeilbare Woord, wat ewig is en vir ewig geldig bly. Die Ou en Nuwe Testamente bevat die volledige en beslissende deur-God-self-geopenbaarde Plan van Verlossing. Enigeen wat as 'n profeet of profetes verskyn, moet hulself aan die proklamasie van die leerstellinge, openbaringe en die beoefening van die hele getuienis van die Heilige Skrif onderwerp. Die geringste afwyking, byvoeging, weglating of verandering van die oorspronklike Woord, diskwalifiseer die betrokkene in een slag, op die plek. Wie praat van God, of deur wie God praat, kan net sê wat alreeds gesê was. Beide die Ou en Nuwe Testament bevat al die leringe, belydenisse en openbaringe. Daarom word ook die waarskuwing van die finale straf oor die byvoeging en wegneem uit die geskrewe Woord, in die laaste hoofstuk van die Bybel aangegee. God bly egter soewerein in Sy dade. Hy sê: *"Kyk, Ek gaan iets nuuts maak ..."* (Jes. 43:19). Hy doen wat Hom behaag sonder om vooraf besonderhede daarvan bekend te maak.

William Branham het nie vorendag gekom met nuwe openbaringe nie. Sy bediening bestaan duidelik daarin, dat dit wat reeds in die Woord aan ons neergelê en aan die profete en apostels oorgelewer is, nuut op die kandelaar geplaas word. Deur die bediening wat aan hom toevertrou is, het God iets nuuts gedoen en ook dit wat voorheen gebeur het. Hy wat so 'n profeet ontvang, wat deur God gestuur is, sal die beloning van 'n profeet ontvang (Matt. 10:41).

Dit is waar dat hy, met sy absolute bybelse verkondiging, in stryd was met die tradisionele oorlewerings wat in die formele- en onafhanklike kerke gevind word. Maar sy leringe en praktyke, wat oorweldigend ooreenstem met die Heilige Skrif, dwing elke eerlike mens om hul eie verkondigings en praktyke ernstig te heroorweeg, of dit geestelikes of leke is. Alle opregte soekers van die waarheid het geen ander keuse as om die enigste geldige getuienis van die Skrif in die gesig te staar nie. Op hierdie onwrikbare grondslag, waarop die vroeë Gemeente gegrond is, moet die beoordeling gemaak word.

## BONATUURLIKE BEVESTIGING

Manne wat van God gestuur is, word te alle tye vanuit die hemel op aarde gelegitimeer. In die vroeë Christendom het die voortsetting van die bediening wat Christus begin het, plaasgevind in die verlostes, ná die Opstanding van die Verlosser. Sedert die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, is die apostoliese proklamasie vergesel en bevestig deur die deelname van die HERE. Die vroeë christelike Gemeente is in alle opsigte die patroon wat geldig is vir die volle tyd van genade.

*"Nadat die HERE dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die HERE het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het"* (Mark. 16: 19-20).

*"… hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid veronagsaam wat, nadat dit eers deur die HERE verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het, terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedélinge van die Heilige Gees volgens sy wil?"* (Heb. 2: 3-4).

Diegene wat die boek, Die Handelinge van die Apostels en hulle Briewe lees, sal vind dat die HERE God Sy Woord deurgans bonatuurlik bevestig het. Wonderwerke en tekens het gebeur met die mense wat geglo het. Die evangelie van die gekruisigde, oorwinnende, opgestane HERE, was beide die blye- en vrymakende boodskap van verlossing en van die gelowiges-toegewysde krag van God (Rom. 1: 16-17; IKor. 1:18).

Die ganse mensdom word so verlos, en so was die redding van die siel, bevryding van die gees en die genesing van die liggaam heeltemal

normaal met die godsdiens beoefening in die vroeë Christendom; Ja, selfs van die opstanding van die dooies word vermeld. Presies wat gebeur het in die bediening van onse HERE Jesus Christus, en dit wat heeltemal deur die Gees van God in werking was in die vroeë Gemeente, was herhaal in 'n nog groter mate in die bediening van William Branham. Daar is miljoene ooggetuies en, soos reeds genoem, die op-band-vasgelêgte preke wat hierdie feit bevestig.

As mens dit vergelyk met die bekende evangeliste, vir wie elke metode om geld te bekom en wie allerhande dinge toelaat, dan word hierdie man van God onreg aangedoen. By navraag, kan geen van hulle getuig van 'n hemelse roeping nie, soos die ware, God-gestuurde manne tot by William Branham kon.

Eerw. Gordon Lindsay het die boek "A Man Sent From God" geskryf. Hetsy vriende of teenstanders, almal moes erken dat hier nie 'n mens nie, maar God self werksaam was, deur die mens. Nadat hierdie eenvoudige man se roeping en sending op 7 Mei, 1946, bevestig is, het hy met spesiale veldtogte begin. In die jare 1946-1949 het die deurslaggewende deurbraak van die volle evangelie in die moderne tyd plaasgevind volgens die vroeë christelike patroon. Die bevestigende- en genesings-wonderwerke was so kragtig dat mense van alle denominasies en van oor die hele wêreld na sy byeenkomste gestroom het. Uit die politieke- en sakewêreld, selfs vanuit die kongres te Washington, het mense na hom gekom vir gebed.

In die eerste helfte van die vyftigerjare het sy sendingreise hom deur Afrika, Indië en Europa geneem. In Durban, Suid-Afrika, was die gehoor in die groot stadion 'n paar honderdduisend. In Bombay, Indië, was die mense-massa op 400,000 beraam. In Duitsland en Switserland het tussen 10,000 en 20,000 mense die byeenkomste bygewoon. In die Skandinawiese lande, en veral in Finland, was daar wonderwerke en tekens, selfs die opwekking van die seun wat in 'n motor-ongeluk gedood was. Koning George VI van Engeland het William Branham gevra om vir hom te bid. Dit het by die Buckingham Paleis gebeur, tydens 'n vlug-aansluiting in Londen, oppad na Finland.

Ná die Tweede Wêreldoorlog het in die VSA en later ook in ander lande, het evangeliste tevore gekom wat later bekend geword het, wie se bedieninge direk of indirek beïnvloed was deur die bonatuurlike optrede

van God, soos hulle dit in die lewe van William Branham gesien het. David Du Plessis, wie later oor die hele wêreld as "Mr. Pentecost" bekend geword het, was so diep beïndruk tydens die vergaderings in Suid-Afrika, dat hy besluit het om William Branham na die VSA te volg. Ek het hom persoonlik ontmoet by die geleentheid van die Internasionale Geloofskonferensie wat in Junie, 1958, deur Gordon Lindsay in Dallas, Texas belê was, waarin William Branham die hoofspreker was. Hier kan baie manne wat ek persoonlik ken, ingesluit word, soos Demas Shakarian, die wêreldpresident van die Full Gospel Businessmen's Association, wat as getuies van hierdie eenmalige bediening staan, as hulle nog leef en die moed het om dit te doen.

Van hierdie man van God is letterlik waar, soos onse HERE gesê het: *"Daar is 'n ander Een wat van My getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy van My getuig, waar is ... Maar Ek het 'n groter getuienis as dié van Johannes, want die werke wat die Vader My gegee het om te volbring, die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het. En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig"* (Joh. 5: 32-37). Waar God praat en werk, het die getuienis sy eie gewig.

Die bonatuurlike Godswerke is bewys van die goddelike sending verbonde aan die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus. Dit is die ware, onweerlegbare legitimiteit wat die ganse mensdom oortuig. Onse HERE het gesê: *"Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My ter wille van die werke self. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit ..."* (Joh. 14: 11-12). God self het ook Sy Woord as waar in die bediening van William Branham bevestig, geen verdere menslike evaluering is dus nodig nie. Moses en Elia, Petrus en Paulus, al God se gestuurdes is deur Hom bevestig. Dieselfde kan in ons geval gesê word. Elkeen wat probleme het om 'n mens te glo het die geleentheid om God te glo, *"want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen, as God nie met hom is nie"* (Joh. 3:2b).

## VAN KINDSBEEN AF ...

Die bonatuurlike teenwoordigheid van God het hierdie persoon van kleins af vergesel. Daar was regtig manne, waaronder William Branham, wat van geboorte af bestem was vir 'n spesiale opdrag, manne wat nie op

‘n dag hulself as selfverklaarde profete genoem het nie, maar deur God self deur direkte hemelse roeping aangestel is. As kind het William Branham visioene gesien van gebeure wat baie jare later waar geword het.

Op die ouderdom van sewe het hy 'n stem gehoor vanuit 'n warrelwind wat net in 'n boom gewaai het — dit was andersins windstil — wat hom as volg aangespreek het: "Moet nooit drink of rook of jou liggaam op enige manier besoedel nie, want jy het 'n werk om te doen vir My wanneer jy ouer word" ("My Lifestory" — gepreek op 19 April, 1959). As tiener was hy herhaaldelik deur vriende aangepor om te drink en te rook. Hulle noem hom toe 'n papbroek, en dis wat hy nie wou hê nie, want hy was as 'n bokser immers geen papbroek nie. By elke uitdaging het hy egter dieselfde geruis en stem gehoor wat hom verbied het om dit te doen en hy was daardeur bewaar. Elia het ‘n storm ervaar voordat die HERE met hom op die berg Horeb gepraat het (IKonings 19). Job het die stem van die HERE direk vanuit die storm gehoor (hoofstuk 38:1). *"Hy wat van sy boodskappers winde maak ..."* (Heb. 1:7). Dit is vandag nog waar.

As 'n jong man was hy deur Dr. Roy Davis in die Baptiste kerk ingehuldig. Nie lank daarna, het hy 'n nie-denominasionele bediening begin omdat hy homself aan almal toeganklik wou maak.

In Junie, 1933, het meer dinge gebeur wat van groot belang was. Hy het sy eerste evangelisasie veldtog gehad. Aan die einde van hierdie reeks vergaderings, op Sondag, 11 Junie, 1933, is 'n doopdiens in die Ohio-rivier gehou volgens die vroeë christelike patroon. ‘n Paar honderd nuwe bekeerlinge was gedoop. Toe die jong prediker op die punt was om die sewentiende persoon te doop, het hy gebid: "Vader, ek doop met water, sodat U hulle kan doop met die Heilige Gees". Op daardie oomblik het daar toe 'n helder lig soos 'n ster neergedaal en bo hom bly skyn. Vanuit hierdie lig kom toe 'n stem wat sê, "Soos Johannes die Doper gestuur was om die eerste koms van Christus vooruit te gaan, so word jy met ‘n boodskap gestuur wat die tweede koms van Christus vooruit sal gaan". In April, 1966, het ek self, by 'n byeenkoms in die Verenigde State, ongeveer twaalf mense ontmoet wat in Junie, 1933, by hierdie geleentheid teenwoordig was.

Die reaksie van die ongeveer vier duisend siele-skare, was uiteenlopend. Sommige het gebid, ander het flou geword, ander het gevra

wat dit beteken het, en ander weer, het dit geïgnoreer. "Associated Press" van die VSA en Kanada het veral oor die buitengewone gebeurtenis gerapporteer. Elke bykomende ervaring, veral die sewe visioene wat hy in 1933 gehad het, oor toekomstige, wêreld-wye gebeurtenisse tot aan die einde toe, het bygedra dat die ander predikers hulself meer en meer van hom toe distansieer. Selfs diegene wat na aan hom was, het erken dat daar sulke ervarings in bybelse tye was, maar het egter ontken dat dit nog steeds vandag gebeur.

Toe dit aan die jong godsman gesê was dat hy die wêreld heen gestuur sal word en vir konings en heersers sal bid, het Eerw. Roy Davis aan hom gesê: "Billy, wie sal na jou luister? Jy met jou laerskoolonderrig! ... jy sal met die pilare in die kerk praat en vir leë stoele preek. Mense sal nie kom om jou te hoor nie". Die antwoord was eenvoudig: "As dit God is wat my stuur, dan sal Hy ook die mense stuur aan wie ek sal preek".

Op 7 Mei, 1946, het William Branham 'n hemelse besoek ontvang. In die Ou en Nuwe Testament vind ons baie berigte dat engele verskyn het, wanneer dit om 'n spesiale gebeurtenis gegaan het: van Abraham tot by Daniël; van Sagaría tot Maria. Die hemelse leërskare het in die oop veld van Bethlehem verskyn, en die engel het die grootste aankondiging van alle tye gemaak, naamlik, die geboorte van die Verlosser. Paulus en ook Johannes, wat na die eiland Patmos verban was, het getuig daarvan. In Hebreërs 1 lees ons van die engele: *"Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?"*

So dan was William Branham op die aand van 7 Mei, 1946, in 'n kamer waar hy tyd in gebed en bybellees geneem het. Skielik, omstreeks 23h00, het ’n lig van bo in die kamer gekom, wat al hoe helderder en groter geword het. Kom ons laat hom dit self vertel: "Toe ek opkyk, het die groot ster daar gehang. Dit het egter nie vyf punte gehad nie, maar het meer gelyk soos 'n gloeiende vuurbal wat op die vloer skyn. Toe hoor ek iemand en was toe nog meer bang want ek het van niemand anders geweet wat hierheen sou kom buiten ek self nie. In die lig het ek 'n man gesien nader na my kom, so natuurlik soos u na my sou kom. Die man het ongeveer 85kg geweeg en 'n wit gewaad gedra. Hy het 'n gladde gesig, geen baard, donker hare tot aan sy skouers gehad, 'n bietjie donkerder

gelaat met 'n baie aangename voorkoms, en toe hy nog nader aan my kom, het ons oë ontmoet. Toe Hy sien hoe baie bang ek was, sê Hy toe: 'Moenie vrees nie. Ek is vanaf die teenwoordigheid van die Almagtige God gestuur om jou te vertel dat jou eienaardige lewe en jou misverstaande maniere daarop dui dat God jou na die volkere van die wêreld stuur met die gawe van goddelike genesing. As jy opreg sal wees en die mense kry om jou te glo, sal geen siekte jou gebed kan weerstaan nie, selfs nie kanker nie'. Hoe ek gevoel het, kan nie in woorde uitgedruk word nie".

Die begroeting: "Moenie vrees nie" het die engel ook met Daniël, Sagaria en Maria gebruik. Dieselfde het ons HERE gedoen. Hy het dikwels gesê: "Wees nie bevrees nie ...".

Die engel het toe vir hom gesê: "Soos die profeet Moses twee tekens gegee was (Exodus 4), word twee tekens aan jou gegee. En as hulle nie die eerste glo nie, sal hulle die tweede teken glo". Presies dieselfde woorde vind ons in Exodus 4 vers 8: *"En as hulle jou nie glo en aan die eerste teken geen gehoor gee nie, dan sal hulle die laaste teken glo"*. Manne met besonderse roepings ontvang besonderse tekens wat dit vir mense duidelik maak dat God self praat en werk.

Toe het die engel die eerste teken aan hom verduidelik. Na die preek en gebed vir almal wat hul lewens aan die HERE wou toewy, moes hy vir die siekes bid. Die eerste teken was dat hy die pasiënt se hand in sy eie hand moes neem, en op die agterkant van sy hand, sou ‘n verkleuring en gestalte vorm, waardeur die pasiënt se eie lyding letterlik sigbaar sou wees. Daarop moes die gebed vir genesing volg, terwyl die pasiënt moes waarneem wat op die agterkant van sy hand gebeur. As die gebed dan beantwoord word en God die genesing bewerkstellig het, sou die merke voor die oë van die lyer verdwyn. Hierdie aankondiging is duisend-male bevestig, veral in die jare 1946-1949. Baie van diegene wat so wonderbaarlik genees was deur God, het dit liggamlik gevoel, en baie het luid geskree van die oorweldiging.

Die engel het toe die gebruik van die tweede gawe met verskeie bybelgedeeltes verduidelik. Hy het verwys na die bediening van ons HERE en het veral na Johannes 5, verse 19 en 20 verwys, naamlik dat Hy as Seun van die mens, as 'n profeet gewerk het en in visioene gesien het wat God sou doen: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen,*

*dit doen die Seun ook net so. Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen ..."*. Volgens hierdie Woord het die Seun van die mens Sy bediening uitgevoer, net volgens wat aan Hom in visioene getoon was. Die engel het die twee ervaringe genoem, die van Petrus en die van Natánael in Joh. 1. Toe Andréas sy broer Simon Petrus na Jesus geneem het, lees ons: *"... Toe kyk Jesus hom aan en sê: Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Céfas, wat vertaal word Petrus"* (vers 43). Hy het Petrus gesien en sy naam en sy vader se naam geken. Net so het Jesus aan Natánael, wie deur Filippus na die HERE gebring was, gesê: *"Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie ... voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien"*. Almal kan dit lees oor hoe oorweldig Natánael was en hoe verbasend hy op hierdie openbaring gereageer het.

Die engel het voortgegaan om na Johannes 4 te verwys en die gesprek wat die HERE met die Samaritaanse vrou by die fontein van Jakob gevoer het, genoem. Deur 'n openbaring, volgens dit wat aan Hom getoon was, sê Hy toe vir haar: *"... want jy het vyf mans gehad; en die een wat jy nou het, is nie jou man nie"*. Aan die einde van die gesprek het die vrou uitgeroep: *"Ek weet dat die Messías kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig. Jesus sê vir haar: Dit is Ek wat met jou spreek!"*. Die engel het verwys na ander skrifgedeeltes waarin soortgelyke gevalle voorkom waar die profetiese bediening van die Seun van die mens uitstaan. Veral in hierdie bediening het die Fariseërs hulself versondig deur o.a. te sê: *"Hy het Beëlsebul!"*. As die Seun van die mens was Hy die profeet wat die motiewe en gedagtes van die hart onderskei, en dit is wat die geestelike leiers van daardie tyd glad nie gepas het nie. Maar so is die geeste geopenbaar en geskei. God die HERE het aan Moses gesê: *"'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel"* (Deut. 18:18; Hand. 3: 22-23).

Die engel het verder verduidelik dat dieselfde "Teken van die Messías" wat destyds onder die Jode en Samaritane was, nou onder die Gemeente uit die nasies herhaal word. Met byna elke genesingsdiens het William Branham na die Skrifte verwys, net soos wat die engel aan hom verklaar het. Die tweede gawe was, dat hy mense kon vertel tydens die genesings-diens, van watter land hulle gekom het, van watter stad hulle was, wat hul name was, watter siektes hulle het, in beginsel alles wat

gebeur het in die profetiese bediening van die Seun van die mens. Persoonlik het ek dit dikwels belewe in sy byeenkomste en was nie in die minste verbaas toe die man van God op 3 Desember, 1962, vir my die presiese bewoording gesê het, soos toe die HERE my op 2 April, 1962, voor dagbreek hier in Krefeld beroep het. Dit is nie dinge wat opgedis was en in ‘n toe vertrek geplaas was nie; hier was aan ons op ‘n waarheids-grondslag getuig voor God dat Jesus Christus Homself in ons tyd op die dieselfde manier, deur die profetiese bediening bekend gemaak het, soos wat gebeur het in die tyd toe Hy die aarde bewandel het as die Seun van die mens.

## UIT DIE BLOUTE UIT

In November, 1949, het William Branham ooreengekom met Eerw. Jack Moore en Eerw. Gordon Lindsay, wie toe alreeds sy bediening aan die weskus van die V.S.A. beleef het, om byeenkomste te hou in Januarie 1950 in Houston, Texas. Dit het baie vinnig versprei en mense het van die omliggende gebiede gekom, sodat die hele stad in beroering was. Die geestelike leiers, wat geen geestelike begrip gehad het nie, het hulself opgewerk en hierdie byeenkomste met vernietigende kritiek afgemaak. Onder hulle was Eerw. Dr. Best, wat op 24 Januarie, 1950, in 'n uitdagende ope paneelbespreking met William Branham, waarby hy die pers betrek het, hom uitgevra oor die onderwerp van "Geloofsgenesing Vandag", voor ‘n groot gehoor van ongeveer 8,000 mense, wat die Sam Houston Coliseum gevul het. Hy het ook die twee professionele fotograwe, mnr. James Ayers en mnr. Ted Kippermann, genooi om indrukwekkende oomblikke op fotos vas te lê.

Die uitdager, Dr. Best, het vir Dr. F.F. Bosworth, ‘n bybelleraar wie ek persoonlik geken het, betrek. Dr. Bosworth was 'n medewerker van William Branham en was gevra om die bespreking te lei. Ure het verloop met hierdie onwaardige spektakel. Die skare het deelgeneem aan die bespreking met 'n luide instemmende "Amen"-geroep of met ‘n luide "Nee"-geskree. Maar toe die gehoor gevra word: "Hoeveel van julle was genees deur God in die byeenkomste", het daar honderde opgestaan. Die teenstaanders moes toe bes gee, al was dit ook met harde opmerkings. Toe hierdie deel verby was, het William Branham na die verhoog gekom, sy plek ingeneem en geluister na alles, want dit was alles oor hom en sy bediening, veral oor die gawe van genesing van die siekes. Hy stap toe

kalm na die mikrofoon en sê: "Ek het nie gekom om myself te verdedig nie. As dit God is wat my gestuur het, dan sal Hy vir my veg".

Op daardie oomblik neem mnr. Ayers toe die foto met die ligkolom bo die hoof van William Branham. Die byeenkoms het laat geïndig; dit was amper middernag toe mnr Ayers, wat homself aan die kant van die kritikus, Eerw. Dr. Best geskaar het, verbaas was. Van al die foto's wat hy geneem het, het net 'n enkele foto uitgekom, naamlik die met die bonatuurlike ligstrook bo-oor William Branham se kop. Mnr. Ayers haas hom toe dieselfde nag nog na die hotel en vra vir William Branham, of hy geweet het dat 'n bonatuurlike lig oor hom gewees het.

Omdat hulle met so 'n fenominale verskynsel te doen gehad het, was daar besluit om die film te oorhandig aan die voorste man wat verantwoordelik was vir die behandeling van twyfelagtige dokumente vir die staat. Dr. George J. Lacy het sy uitspraak skriftelik gegee en bevestig dat nóg 'n herbetassing, nóg 'n dubbele blootstelling plaasgevind het en dat hierdie ligkolom eintlik daar was, anders kon die kamera dit nie afgeneem het nie — sien afskrif van die oorspronklike verslag deur Dr. Lacy, aan die begin van hierdie boekie.

Hierdie lig het elke keer neergekom oor die persoon vir wie William Branham, deur die gawe van openbaring en onderskeiding, gebid het vir genesing. Hy het alles gesien wat hy aan die betrokkene moes kommunikeer, ten einde hul geloof in die teenwoordigheid van God en dus in hul eie goddelike genesing te versterk en op te bou. Onder die talle duisende gevalle in byna twintig jaar van hierdie unieke bediening, was daar nie 'n enkele mislukking nie. Alles was altyd een honderd persent reg. Toe hy gevra was of hy nie bang was om van mense wat hom glad nie ken nie en van wie hy niks geweet het nie, al daardie dinge te vertel, het hy geantwoord: "Waarom sou ek vrees dat daar iets fout is wanneer dit God is wat dit aan my toon en deur my praat?".

William Branham het dit menigmale genoem, dat hierdie merkwaardige foto, as die enigste opname met 'n bonatuurlike wese in die wêreld, in Washington D.C. in bewaring is. Ek het die foto met die ligkolom in Desember, 1969, in die Hall of Art daar gesien. Die ouer man wat my daar vergesel het, het egter vir my gesê: "Hierdie foto het geen openbare belang en sal in 'n laai in verdwyn". Bonatuurlike gebeure was egter nie seldsaam in die lewens van die profete en apostels nie, maar

kan slegs ervaar word deur diegene wat deur God eintlik begenadig is. Toe Saulus die helder lig buite Damaskus sien, het hy die stem van die HERE daaruit gehoor praat, en het so sy kommissie ontvang. Vir die wat dit kan begryp, is dit ‘n bevestiging in ons tyd, dat God nie verander nie, en die feit bly staan dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid. As dit 'n herhaling is van die bonatuurlike werk van God en dat ons die gelyke daarvan in die Skrif kan vind, dan moet ons, met die grootste eerbiedigheid, dit respekteer wat die HERE God doen. In die tyd van Moses het die HERE neergedaal in die lig- en vuurkolom en Sy onmiddellike teenwoordigheid was sigbaar oor die tent van samekoms. God is nie dood nie. God leef en openbaar Homself selfs vandag nog, daar waar Hy geglo en vertrou word. God is Lig en leef in die Lig. God kan Homself manifesteer in 'n bonatuurlike wolk of selfs in bonatuurlike vuur. Hy het dit gedoen; Hy kom toe die eer!

## ONDER DIE OOP HEMEL

Dit wat William Branham op Desember 22, 1962 in 'n visioen getoon was, het regtig gebeur op Februarie 28, 1963, net soos hy dit vooraf op Desember 30, 1962, aan sy plaaslike gemeente meegedeel het. Hy was getoon in 'n visioen dat sewe engele (gérubs) in 'n wolk sou neerdaal. In hierdie visioen het hy die gebied en die individuele gebeure gesien.

Sonder om te weet wanneer dit sou gebeur, het hy en sommige vriende op 28 Februarie, 1963, na die Tucson-woestyn gegaan, in die rigting van Flagstaff, Arizona, om daar te jag. Sy jagvriende het in een rigting gegaan, en hy het na die top van die berg gegaan, soos die HERE hom gelei het. Skielik was daar 'n vreeslike geknal, asof 'n groot ontploffing plaasgevind het. Toe hy opkyk, sien hy die sewe engele en die wolk waarin hy toe opgeneem is. Hy het die hemelse wesens van regs na links getel, wat hom in die vorm van 'n piramide genader het. Hul vlerke het mekaar aangeraak. Die een na links van hom, die laaste in die konstellasie, het 'n spesiale indruk op hom gemaak en met hom gepraat. Daar op die berge vanwaar hierdie wolk gekom het, het die oproep na hom gekom: "Gaan terug na Jeffersonville van waar jy gekom het, want, die tyd het aangebreek om die sewe seëls oop te maak". Vanaf 17 tot 23 Maart, 1963, het hy toe die reeks oor die sewe seëls van die boek Openbaring gepreek.

Die wolkkolom wat in die blou lug verskyn het, was vir almal sigbaar. Dr. James McDonald van die Arizona Universiteit in Tucson het verskeie verslae hieroor geskryf. Dit was vir hom onbegryplik dat 'n 26km hoë wolk nog sigbaar was, wat 28 minute na die plaaslike sonsondergang nog in die lug gehang het. Aan die een kant het hy aangevoer dat wolkvorming onmoontlik is op hierdie hoogte. Aan die ander kant kon hy nie homself bring om hierdie fenomeen as 'n bonatuurlike verskynsel te verduidelik nie. Hy het toe gehou by die titel wat hy gekies het:

### "... EN 'N HOË WOLK, KRING VAN MISTERIE"

Die VSA se 'Life' tydskrif het 'n kort verslag in sy uitgawe van Mei 17, 1963, met vier foto's gepubliseer (bl. 112). Die 'Science' joernaal het op April 19, 1963, 'n meer gedetailleerde verslag gepubliseer (bl. 292-293), selfs met die foto van die Wolk op die voorblad.

Soos te alle tye, het mense nou dieselfde probleem, naamlik om die bonatuurlike optrede van God te erken. Dr. James McDonald kon hierdie verskynsel nie verwerk nie en het 'n paar jaar later selfmoord gepleeg. Waarom veral die Pinkster-predikers, wat dit geweet het en wie se gemeentes groot groei deur die briljante bediening van William Branham geniet het, die genadige besoeking van God verswyg het en dus van die volk van God dit weerhou het wat die HERE in ons dag gedoen het, bly onverstaanbaar.

Keer op keer hoor ek dieselfde vraag: "Hoekom is daar nog nooit enigiets in die openbaar oor al hierdie dinge bekend gemaak nie?" Die antwoord is baie eenvoudig: Om verskeie redes het die geestelike leiers die mense dit ontneem.

### REGSTELLING

Ek vind dit nodig om aan die einde van my kort opmerkings die volgende teregwysing te gee: William Branham word onregverdig beskuldig van baie dinge wat hy glad nie gesê het nie, insluitende 'n verklaring wat eintlik die weergawe van Dr. Lee Vayle is.

Die bo-genoemde skrywer het 'n boekie "The Laodicean Church Age" vrygestel en daar op bladsy 7 geskryf: "So I repeat, I sincerely believe and maintain, as a private student of the Word, along with divine inspiration,

that 1977 ought to terminate the world systems and usher in the millennium". Presies dieselfde bewoording kan gevind word op bladsy 322 in William Branham se boek: "An Exposition of the Seven Church Ages", wat Dr. Vayle geredigeer het. Ongelukkig ook in alle vertalings in die verskillende tale. Dit is dus heeltemal verkeerd dat enigiemand uit hierdie aanhaling daarop aanspraak maak dat dit William Branham was wat 'n voorspelling gemaak het wat nie uit die waarheid gekom het nie, naamlik dat die sekulêre stelsels in 1977 sou eindig en die millennium ingestel sou word. William Branham het dit nooit gesê nie. Hierdie menslike fout is heel duidelik vir die rekening van Dr. Lee Vayle.

Hier wil ek nie verder verduidelik nie. In elk geval moet daar egter daarop gewys word dat daar nou ook verskillende groepe is wat hulle op Branham beroep sonder dat hul proklamasies in ooreenstemming met hom en die Skrif is. Die HERE lei Sy volk op die regte pad ter wille van Sy Naam en laat ons die beloftes vir hierdie tyd ken en in die vervulling daarvan deel. Hy voltooi Sy werk met almal wat glo en Hom vertrou. Die HERE laat Sy aangesig oor ons skyn en is ons genadig. Die HERE verhef Sy aangesig oor ons en gee ons vrede.

Ek hoop om vir baie met hierdie daarlegging tot diens te wees. Die HERE God het nog altyd dit gedoen wat Hy voorgeneem het. Hy het geneem wie Hy wou en is aan niemand anders enigiets verskuldig nie. Geseënd is almal wat die werk van God herken, dit wat nog altyd in verbinding met Sy heilsraadbesluit in hul tydsbestek staan, dit aanvaar en dus regstreeks en heel bewustelik aan die kant van God staan. Daar kan beslis gesê word dat ons nou aan die einde van die tyd van genade leef en dat die Wederkoms van Jesus Christus nou werklik op hande is. Alle bybelgelowige Christene erken die duidelike tekens van die eindtyd. Ons kan ons hoofde omhoog lig, omdat ons weet dat ons verlossing naby is. Mag die bybelse boodskap wat aan ons toevertrou is, dien om te verseker dat alle ware gelowiges uit alle misleidings geroep word en hulle voorbereiding vir die glorie-ryke dag van die Wederkoms van Jesus Christus ervaar.

*"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom"* (Matt. 24:14).

*"Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek"* (Heb. 12:25).

★★★★★★★

Sou u belangstel om ons literatuur te ontvang, stuur gerus ‘n epos aan:

(in Engels of Duits): volksmission@gmx.de

Telefoon: +49-2151/545151

U kan ook inskakel op die Internet vir ons maandelikse uitsending wat val op die eerste naweek van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 en die Sondag oggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Hierdie uitsendings kan gevolg word in vyftien verskillende internasionale tale. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op youtube.com onder

“Apostolic Prophetic Bible Ministry”

Internasionale tuisblad: http://www.freie-volksmission.de

Ons plaaslike kontak(te):

© deur die outeer en uitgewer – E. Frank